
**Ek bid dat hulle almal een kan wees**


**Joh 17:20-26**

**8 Februarie 2026**

1. Vantevore: Die Here Jesus het gebid dat die Vader Hom sal verheerlik – deur Sy pad van die kruis tot Sy hemelvaart. Hy het vir die dissipels gebid omdat hulle aan die Vader behoort, en sodat dat Sy werk vir hulle die gewensde resultaat sal hê. Hy het gebid dat hulle in die Naam van die Vader bewaar sal word, en ook dat hulle geheilig sal word deur die waarheid.
2. In die derde deel van die gebed bid die Here Jesus vir die wat deur die dissipels tot geloof sal kom – dus alle uitverkorenes (v20)
3. Die Here Jesus bid dat ons almal een kan wees (Joh 17:21-26)
    a. Inhoud van die bede: Alle uitverkorenes moet onderling een wees (v21)
    b. Uitverkorenes moet ook een wees met die Seun en die Vader (v21)
        i. Onderskeibaar, onderskeie verantwoordelikhede, maar een doel
    c. Heerlikheid word deur Vader aan Seun gegee, en dan aan uitverkorenes (v22-23)
        i. Heerlikheid bewerk deur die Here Jesus se kruisiging tot hemelvaart
        ii. Dit lei tot 'n respons van verheerliking:




    d. Voor die Here Jesus se koms, kon die volk/Moses nie God se heerlikheid sien nie (Eks 24:17, 33:18), maar na Sy koms kan uitverkorenes Hom sien soos Hy is (1 Joh 3:2)
    e. Liefde van Vader tot Seun tot uitverkorenes tot mede-uitverkorenes, lei tot gehoorsame uitvoer van opdragte (v23, 26)




    f. Doel van die bede: Om die Vader en Seun te verheerlik, en sodat die wêreld sal kan weet (v21, 23): die eenheid van uitverkorenes moet 'n getuienis wees
    g. Realisering van die bede:
        i. Moses se gesig het gestraal na hy met God gepraat het (Eks 34:28-35)
        ii. Die Here Jesus en die Heilige Gees verwyder die sluier oor harde harte (2 Kor 3:12-18) – uitverkorenes word verander van heerlikheid tot heerlikheid – om God se heerlikheid te aanskou (2 Kor 3:18)
        iii. Uitverkorenes word verander deur die Woord
4. Die Here Jesus bid dat ons saam met Hom kan wees waar Hy is (Joh 17:24)
    a. Die Here Jesus het beloof om die dissipels te kom haal (Joh 14:3) – sal in volheid realiseer met die wederkoms
    b. Doel van die bede: Sodat die uitverkorenes die Here Jesus se heerlikheid kan sien wat Hy voor die skepping gehad het (Joh 17:5, Op 19:6-8)
5. Toepassings:
    a. Ooreenkoms tussen die Here Jesus se hoëpriesterlike gebed en die Onse Vader
    b. Hoe vaar ons in ons eenheid? Konfronteer ons eenheid die wêreld?